430. E3. 32



# WAT IS DIE INHOUDE VAN DIE BEGRIP AFRICAN RENAISSANCE?

**Lesingsreeks – Die Burger**
**Klein Karoo Nasionale Kunstefees 2000**
**Dr F van Zyl Slabbert**

1. Die verskil tussen Africa en African Renaissance. Daar lê die knoop. Die een is beskrywend, die ander ideologies.

2. In Mei 1963 is die Organisasie vir Afrika Eenheid gestig. Volgens James Karioko is daar die volgende veertig jaar gestry oor wat beteken die word "African". Ek haal aan: "Curiously, the devil that was to plague early African diplomatic thought on African unity, was not to be found exclusively in the concept unity, but would emerge also from the word 'African'. As it turned out, when Africans themselves talked about African unity, the term African meant different things to different Africans."

3. Hy sê daar was drie breë konsepte van wat die word 'African' beteken het:

   (a) Kontinentaal of geografies – maar wat van die wit Suide?
   (b) Rassies of velkleur – maar wat van Noord-Afrika en Pan-Negroïsme?
   (c) Kultureel – Frankofoon of Anglofoon?

   Hy sê : "Yet it is very clear, at its very inception, the OAU was scarred by a legacy of schisms: the Black/Arab divide, the diaspora/indigenous cleavage and the Francophone/Anglophone fissure."

4. Nou lyk dit nie of daar onduidelikheid is oor wat Renaissance beteken nie. Karioki neem sy leiding van Mbeki en sê: "It is the quest for the restoration or acquisition of democracy, peace and prosperity that translates into a better life for all." Maar wat word nou met die woord 'African' bedoel?

5. Gustav Bergman tref 'n onderskeid tussen drie soorte stellings: evaluated, nie-evaluated en ideologies. 'n Ideologies stelling is een waar 'n waarde-oordeel voorgehou word as 'n feitlike stelling. Die woorde 'African' en 'Afrikaner' is gelaai met ideologiese spanning.

6. In diepverdeelde samelewings (kontinente) is daar drie tipes ideologiese sisteme: eksklusief onverdraagsaam, inklusief onverdraagsaam en inklusief verdraagsaam. Hoe gaan die African Renaissance beslag kry?

7. As ons sê die moet slegs 'n Afrika Renaissance wees, is dit minder problematies, want dan beteken dit dat die hele kontinent die herstel or ervaring van demokrasie, vrede en voorspoed moet beleef. Maar as die word 'African' 'n

bepaalde ideologiese inhoud kry, is ons terug by die probleme waarna Karioki verwys het.

8. Kom ons kuier weer by die begrippe demokrasie, vrede en voorspoed. Is hulle so onproblematies as wat hulle voorkoms? Wat is die heersende paradigma oor hoe hulle bereik kan word?

9. Sowel 'African' as 'Renaissance' kan verideologiseer word. In die mate wat dit gaan gebeur, gaan die 'n verdelende of integerende impak op ontwikkeling op die vasteland hê.

10. In die mate waartoe ons die ideologiese hitte uit beide konsepte kan verwyder, kan dit doodeenvoudig beteken dat vir almal wat op die vasteland van Afrika woon, daar gepoog moet word om die beste beskikbare inligting te gebruik om die voordele van demokrasie, vrede en voorspoed beskikbaar te maak. Dit in sigself is al 'n enorme taak.